south african human rights commission

# Oor die
# SAMRK

# KORT GESKIEDENIS

Die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie (SAMRK) is op 2 Oktober 1995 ingestel onder die destydse Wet 54 van 1994 die Wet op die Menseregtekommissie, wat sedertdien onttrek en vervang is deur Wet no. 40 van 2013 die Wet op die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie (SAMRK).

**Wet no. 40 van 2013 die Wet op die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie maak voorsiening vir die samestelling, magte en funksies van die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie.**

Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, is op 8 Mei 1996 deur die Wetgewende Vergadering aanvaar. Die Grondwet is die hoogste wet van die land, en dit is aanvaar om die verdelings van die verlede te heel en ‘n gemeenskap gebaseer op demokratiese waardes, maatskaplike geregtigheid en fundamentele menseregte te skep.

Die Grondwet maak voorsiening vir die vestiging van instellings om die grondwetlike demokrasie te versterk en menseregte te bevorder. Hierdie instellings staan algemeen bekend as Artikel 9-instellings. Die SAMRK is een so ‘n instelling wat gevestig is as onafhanklike liggaam om menseregte in Suid-Afrika te bevorder, te beskerm en te monitor.

# MANDAAT VAN DIE SAMRK

Die SAMRK is 'n onafhanklike instelling en nie 'n staatsdepartement nie, ten spyte van die feit dat dit sy befondsing van die regering kry. Die SAMRK is nie 'n politieke party nie en ondersteun of bevoordeel nie enige standpunt van enige politieke party nie.

Die SAMRK is rekenskap verskuldig aan die Grondwet en die wet en aan die Nasionale Vergadering van die Parlement van Suid-Afrika.

**Die SAMRK verkry sy mandaat van die Grondwet waarin Artikel 184 van die Grondwet voorsiening maak vir 'n Kommissie wat:**

- **Respek vir menseregte en 'n kultuur van menseregte bevorder**
- **Die beskerming, ontwikkeling en verkryging van menseregte bevorder, en;**
- **Die nakoming van menseregte in die Republiek monitor en assesseer.**

**Die Parlement het nasionale regulasies uitgevaardig in die vorm van Wet 40 van 2013: Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie wat voorsiening maak vir die nodige magte aan die SAMRK om hom in staat te stel om sy funksies uit te voer. In terme van die Wet het die SAMRK die magte wat nodig is om sy funksie uit te voer, insluitend die mag om:**

- **Die handhawing van menseregte te ondersoek en daaroor verslag te lewer;**
- **Stappe te neem en gepaste regstelling te verseker waar menseregte geskend is;**
- **Navorsing uit te voer, en te**
- **Onderrig.**

Elke jaar verwag die SAMRK van betrokke staatsorgane om hom te voorsien van inligting oor die maatreëls wat die staatsorgane toegepas het om die regte vervat in die Wet op Regte aangaande behuising, gesondheidsorg, voedsel, water, maatskaplike sekuriteit, onderwys en die omgewing te verwesenlik.

Die SAMRK het addisionele magte en funksies soos voorgeskryf deur ander nasionale wetgewing, insluitend die Wet 2 van 2000 op die Bevordering van Gelykheid en Voorkoming van Onregverdige Diskriminasie (WBGVOD) en die Wet 3 van 2000 die Wet op die Bevordering van Administratiewe Geregtigheid (WBAG).

## Kommissarisse

Die SAMRK bestaan uit Kommissarisse en die Sekretariaat. Onder die leierskap van ‘n voorsitter verskaf Kommissarisse strategiese leierskap en leiding aan die sekretariaat deur te verseker dat beleide, programme en hulpbronne wat toegeken word, in ooreenstemming is met die visie van die organisasie.

Alle Kommissarisse word vir ‘n termyn van sewe jaar, wat eenmaal hernu kan word, deur die President aangestel.

**Die SAMRK het 8 Kommissarisse. Aan elke Kommissaris word ‘n spesifieke menseregte-fokusarea toegewys. Die Kommissie identifiseer spesifieke menseregte-fokusareas wat van bepaalde belang is en wat verband hou met dringende menseregte-kwessies in die land.**


Adv. Bongani Majola


Adv. Priscilla Jana


Adv. Mohamed Ammermia


Adv. André Gaum


M. Angie Makwetla


Adv. Bokankatla Malatji


Mnr. Chris Nissen


Mnr. Jonas Sibanyoni

1. **Adv. Bongani Majola**
   Voorsitter
   - Fokusarea: Gesondheidsorg en Migrasie

2. **Adv. Priscilla Jana**
   Ondervoorsitter
   - Fokusarea: Rassisme en Gelykheid

3. **Adv. Mohamed Ammermia**
   - Fokusarea: Toegang tot Behuising en Toegang tot Geregtigheid

4. **Adv. André Gaum**
   - Fokusarea: Onderwys

5. **M. Angie Makwetla**
   - Fokusarea: Die Regte van Kinders

6. **Adv. Bokankatla Malatji**
   - Fokusarea: Gestremdheid en Ouer Mense

7. **Mnr. Chris Nissen**
   - Fokusarea: Natuurlike Hulpbronne, Wetstoepassing en die Omgewing

8. **Mnr. Jonas Sibanyoni**
   - Fokusarea: Plattelandse Ontwikkeling en die Reg op Voedsel

## Sekretariaat

**Die Sekretariaat bestaan uit die personeellede van die SAMRK wat nie die Kommissarisse is nie. Aan die Sekretariaat word toevertrou die implementering van die organisatoriese strategie en die uitvoer van die mandaat van die SAMRK en word gelei deur die Hoof Uitvoerende Beampte, adv. Tseliso Thipanyane. Die SAMRK het kantore in al 9 provinsies.**

# Klagtes wat deur die SAMRK ondersoek mag word.

**Die SAMRK het die jurisdiksie om enige ondersoek uit te voer of te laat uitvoer:**

- **By ontvangs van 'n klagte oor enige beweerde skending van 'n fundamentele reg of,**
- **Op sy eie oor enige beweerde skending of bedreiging van 'n fundamentele reg .**

# Klagtes wat nie deur die SAMRK hanteer word nie

Die SAMRK het geen jurisdiksie om klagtes oor gedrag of versuim wat voor 27 April 1994 plaasgevind het nie, te hanteer nie.

Die SAMRK mag enige klagte verwerp wat:

- Gebaseer is op hoorsê, gerugte of onbevestigde verslae wat deur die media versprei word.  Die SAMRK mag 'n ondersoek uitvoer om enige bewering van 'n skending van 'n fundamentele reg wat in die media gerapporteer word of van enige bron verkry is; en na bevestiging moet sodanige bewerings in terme van die SAMRW hanteer word.
- Uitgedruk word in 'n taal wat vernederend, beledigend, onbeskof of neerhalend is. Die SAMRK mag die klagte heroorweeg indien sulke taal verwyder word.

- Die onderwerp is van ‘n dispuut voor ‘n geregshof, tribunaal, en enige ander statutêre liggaam met ‘n interne dispuutresolusie-meganisme of wat tussen die partye geskik word of waarin daar ‘n uitspraak is oor kwessies in die klagte of bevindings van sodanige geregshof, tribunaal, statutêre of ander liggaam.
- ’n Anonieme klagte is. Die SA kan op sy eie navraag doen om seker te maak of die skending ‘n fundamentele reg is, en na verifikasie kan die SAMRK die klagte hanteer in terme van die Wet op die SAMRK.
- Beskou word as ligsinnig, misverstaan, ongeoorloof, onverstaanbaar, en sigbaar onverenigbaar is met fundamentele regte, of nie voldoen aan die voorwaardes van die Wet op die SAMRK nie.
- Ingedien is ná die verval van ‘n periode van drie jaar vanaf die datum waarop ‘n beweerde skending van ‘n fundamentele reg plaasgevind het.

## Waar klagtes ingedien kan word

**‘n Klag kan by enige provinsiale kantoor van die SAMRK waar die beweerde skending van ’n fundamentele reg plaasgevind het, ingedien word. ‘n Klag kan persoonlik, per telefoon, op skrif of deur die aanlyn klagtevorm te voltooi, ingedien word by : www.sahrc.org.za**

# Wie kan 'n klagte indien

- Enige persoon wat in sy/haar eie belang optree;
- Enige persoon wat optree namens 'n ander persoon wat nie in sy of haar eie naam kan optree nie;
- Enige persoon wat optree as 'n lid van of in die belang van 'n groep of klas van persone;
- Enige persoon wat in openbare belang optree;
- Enige maatskappy of organisasie wat optree in die belang van sy lede.

# Prestasies van die SAMRK

Sedert sy totstandkoming het die SAMRK bygedra tot die bewusmaking en verkryging van menseregte in Suid-Afrika deur:

- Klagtes te ondersoek van, en openbare ondersoeke uit te voer oor wydverspreide menseregte-skendings;
- Ernstige gevalle van skendings van menseregte en hulle vordering deur die howe te monitor;
- Die staat se vordering met die verwesenliking van sosio-ekonomiese regte vir almal in Suid-Afrika te monitor en te rapporteer;
- Werkswinkels, opleidingsprogramme, openbare opleidings- en gemeenskapsuitreik-kampanjes, inligtingsessies en -aanbiedings aan te bied;

- **Opvoedkundige materiaal en publikasies oor menseregte te ontwikkel en te versprei;**
- **Die implementering van die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting (WBTI) en die Wet op die Voorkoming van Onregverdige**
- **Die monitor van die media om menseregtekwessies op te spoor;**
- **Die deelname aan en bydrae tot menseregte-diskoers op regionale, nasionale en internasionale vlak.**

Die verslag is beskikbaar op die webtuiste www.sahrc.org.za

# Kontakbesonderhede

## PROVINSIALE KANTORE

### Oos-Kaap
4de Vloer, Oxford house,
Oxfordstraat 86, Oos-Londen, 5200
Tel: 043 722 7828/21/25 | Faks: 043 722 7830

**Provinsiale Bestuurder**
***Mnr. Abongile Sipondo***
Kontak: Yolokazi Mvovo
E-pos: ymvovo@sahrc.org.za

### Vrystaat
Kellerstraat 18, Bloemfontein
Tel: 051 447 1130 | Faks: 051 447 1128

**Provinsiale Bestuurder**
***Mnr. Thabang Kheswa***
Kontak: Alinah Khompeli
E-pos: akhompeli@sahrc.org.za

### Limpopo
1ste Vloer, Kantoor 102, Biblioteek,
Garden Square, Hoek van Schoeman- en
Groblerstraat, Polokwane
Tel: 015 291 3500 | Faks: 015 291 3505

**Provinsiale Bestuurder**
***Mnr Victor Mavhidula***
Kontak: Mahlatse Ngobeni
E-pos: mngobeni@sahrc.org.za

### Noord-Kaap
Mark- en Scotweg 45,
Ancorley-gebou, Upington
Tel: 054 332 3993/4 | Faks: 054 332 7750

**Provinsiale Bestuurder**
***Me Chantelle Williams***
Kontak: Zukiswa Louw
E-pos: zlouw@sahrc.org.za

### Wes-Kaap
7de Vloer, ABSA-gebou,
Adderleystraat 132, Kaapstad
Tel: 021 426 2277 | Faks: 021 426 2875

**Provinsiale Bestuurder**
***Adv Lloyd Lotz***
Kontak: Shafeeqah Salie
E-pos: ssalie@sahrc.org.za

### Gautengkantoor
2de Vloer, Braampark Forum 3,
Hoofdstraat 33, Braamfontein
Tel: 011 877 3750 | Faks 011 403 0668

**Provinsiale Bestuurder**
***Mnr. Buang Jones***
Kontak: Nthabiseng Kwaza
E-pos: nvkwaza@sahrc.org.za

### KwaZulu-Natal
1ste Vloer, Margaret Mncadi 136, Durban
Tel: 031 304 7323/4/5 | Faks: 031 304 7323

**Provinsiale Bestuurder**
***Me Tanuja Munnoo***
Kontak: Kathleen Boyce
E-pos: kathleenboyce@sahrc.org.za

### Mpumalanga
4de Vloer, Carltex-gebou,
Bellstraat 32, Nelspruit
Tel: 013 752 8292 | Faks: 013 752 6890

**Provinsiale Bestuurder**
***Mnr Eric Mokonyama***
Kontak: Carol Ngwenyama
E-pos: cngwenyama@sahrc.org.za

### Noord-Wes
Heystekstraat 25, Rustenburg
Tel: 014 592 0694 | Faks: 014 594 1069

**Provinsiale Bestuurder**
***Me Mpho Boikanyo***
Kontak: Poppy Mochadibane
E-pos: pmochadibane@sahrc.org.za

## Hoe om die SAMRK te kontak


Forum 3, Braampark Kantoorpark, Braamfontein

Johannesburg

Tel No: 011 877 3600

www.sahrc.org.za

E-pos: info@sahrc.org.za

complaints@sahrc.org.za

Twitter: @SAHRCommission

Facebook: SA Human Rights Commission